menlo-insig
Die Hoërskool Menlopark — Excelsa Petamus — Sedert 1963
Insig 14 /2026– 30 April 2026

**Liewe Menlo**

Vasberadenheid, selfbeheersing, lewenslus, sosiale intelligensie, dankbaarheid, optimisme en uitgestelde beloning.

In die boek, *How Children Succeed: Confidence, Curiosity and the hidden power of Character*, vertel Paul Tough dat dié eienskappe die boustene van sukses is. Waarheid of mite? Dit kan die Insig nie bepaal nie, maar hier is volop bewys op Menlo-bodem dat Parkies wat hierdie karaktertrekke openbaar in die vreugde van positiewe uitkomste deel.

Die Parkies wat aan spesialissportsoorte deelneem — landloop, muurbal, bergfiets, skaak, gholf en tennis — het verlede week die skoolbanke tydelik verlaat en na Potchefstroom gereis om die skool in die NWU-reeks te verteenwoordig. Met slegs een doel voor oë was daar nooit enige twyfel of ons sukses sou behaal nie. In Kimberley, het die netbalspanne opnuut geleer dat diamante onder druk gevorm word en by die Fairtree-sportfees is strawwe mededinging én moeilike weersomstandighede trotseer.

'n Parkie se karakter getuig van vasberadenheid en waagmoed. Dit spreek van durf – om 'n storm tegemoet te stap, onseker van die uitkoms, maar om steeds vorentoe te beur en om geleenthede te waardeer. By Menlo weet ons dat dankbaarheid eers moontlik is indien daar soms teleurstellings is en dat afdraandes 'n mens nie leer vasbyt nie. Op Menlo-bodem kies ons die opdraandepad, want ons weet: Die beloning is die uitsig vanaf die kruin.



Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JEREMIA 17:7-8**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Sluitkassies vir selfone

- Daar is 90 selfoonsluitkassies beskikbaar vir leerders wat hulle selfone gedurende die dag wil toesluit.
- Die koste beloop R300 vir die res van 2026.
- Leerders wat graag selfoonsluitkassies wil huur, bespreek en betaal dit by me. Nicolene van Eyk (algemene kantoor).
- Navrae kan aan me. Van Eyk gerig word by nicolene.vaneyk@menlopark.co.za.

## Voorkoms

Ouers word versoek om seker te maak dat Parkies se voorkoms volgens die skoolreëls is wanneer hulle die huis soggens verlaat. Verwys gerus na die Werkplan indien daar enige onsekerheid is.

## Siektetoetse

- Assesserings wat op 'n Maandag, Dinsdag of Woensdag as gevolg van siekte mis-geloop word, word die daaropvolgende Maandag afgelê.
- Assesserings wat op 'n Donderdag of Vrydag as gevolg van siekte misgeloop word, word die daaropvolgende Woensdag afgelê.
- Siektetoetse word voor skool afgelê.
- Leerders mag slegs 'n siektetoets aflê indien 'n doktersbrief ontvang is. Doktersbriewe word per e-pos aan vakonderwysers en klasvoogde gestuur. Personeel se kontakbesonderhede is op die webblad beskikbaar.

## Eksamenrooster

Die eksamenrooster en alle reëlings met betrekking tot die eksamen is op Ed-admin beskikbaar.

Graad 10 — 12: Eksamen begin op Maandag, 18 Mei 2026.

Graad 8 & 9: Eksamen begin op Dinsdag, 26 Mei 2026.

## Gratis streshanteringskursus

Datum: Dinsdag, 5 Mei & Woensdag, 6 Mei

Tyd: 14:15 - 15:15

Lokaal: F102

Navrae: Me. Estelle Velloen (estelle.velloen@menlopark.co.za).

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Woensdae

Ouers word daaraan herinner dat senior leerders (gr. 10 — 12) vroeër verdaag indien hulle nie toets skryf nie. Die toetsrooster is op Ed-admin beskikbaar.

## Selfoonbeleid

Die selfoonbeleid is op Ed-admin beskikbaar.

## Ed-admin

Die kode vir Ed-admin is 599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Reünies

| | | |
|---|---|---|
| **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 |
| **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021. | |

## Menlo-ouers wat omgee

Menlo-ma's wat bid
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak: 082 579 4968.

Menlo-pa's wat bid (Watchmen)
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak: 082 457 6526.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.

Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Versoek van die mediasentrum

Skenk gerus enige boeke wat nie meer gelees word nie aan die mediasentrum.

Navrae: Me. Stella Visser (stella.visser@menlopark.co.za).

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Menlo-belde beskikbaar

Pragtige Menlo-belde is by Constantia Uitrusters te koop.


Maak gerus 'n draai.



## Brokkies Menlo-geskiedenis

Dit is 'n tradisie dat die skool, een maal per jaar, net voor die afskop van die rugbyseisoen, vir die grootste wedstryd van die jaar regskuif.

Verlede week was dit weer sulke tyd toe die Yskaswolwe en Vrieskashonne mekaar die stryd op die rugbyveld aangesê het.




## Afrikaans 101: Het jy geweet?

**Breek vs. Breuk**

Die nuus **breek**.


Die groep **breek** vir tee.

Jy kan 'n **breek** neem.

Daar is 'n **breuk** tussen twee partye.

Jan het 'n **beenbreuk**.

Mnr. Grové se wiskunde-klasse behandel **breuke**.






# WINTERSPORT

## FAIRTREE-SPORTFEES







Die skool het verlede week as gasheer vir die eerste Fairtree-sportfees opgetree. Dié fees, geborg deur Fairtree en ondersteun deur Stadio, bied 'n geleentheid aan o. 15– en o. 19-wintersportspanne om hulle staal teen die beste spanne in die land te wys.

Wat die geleentheid selfs meer spesiaal gemaak het, was die wedstryd tussen Menlo se eie Yskaswolwe (gr. 12) en Vrieskashonne (gr. 11) - die amptelike afskop van die fees. Volg gerus die skakel vir die uitslae.















# NETBAL

## WILDEKLAWER-TOERNOOI

Menlo se o. 16- en o. 19-netbalspanne het vanjaar oudergewoonte aan die Wildeklawer-toernooi in Kimberley deelgeneem en as trotse netbal-ambassadeurs opgetree. Knap gedaan met uitstekende spel!





# SWEM

## SSA SENIOR WATERSPORTKAMPIOENSKAP



Chanel Verldsman en Zaine Niemand het onlangs aan Swem Suid-Afrika se Senior Nasionale Watersportkampioenskap deelgeneem en uitstekend gevaar.

**Chanel Veldsman**


| | |
|---|---|
| 100 m-borsslag | 7de |
| 200 m-borsslag | 6de |
| 50 m-borsslag | 9de |

**Zaine Niemand**

| | |
|---|---|
| 100 m-borsslag | 5de |
| 200 m– individuele wisselslag | 9de |
| 200 m-borsslag | 2de |
| 50 m-borsslag | 8ste |



# SPORT


NWU®
NWU-SKOLESPORTREEKS 2026
ALGEHELE WENNERS
UIT 12 DEELNEMENDE SKOLE
LANDLOOP
MUURBAL
NETBAL
BERGFIETS
SKAAK
HOKKIE (DOGTERS)
GHOLF
SPESIALIS-SPORTE
HOKKIE (SEUNS)
RUGBY
TENNIS


NWU
Skolesportreeks




DIE HOËRSKOOL MENLOPARK


















#MYNWU










# MENLO DOEN NIKS HALF NIE!



# PARKIE-ENTREPRENEURS






# MARKPLEIN



Vir 'n rok so uniek soos jy
kontak Janissa 083 412 6144
Pure Heart
CREATIONS




Uncapped
HOME
LTE
with no fixed line installation
10 Mbps Telkom
R299 p/m*
Free SIM & Delivery
Quick to Set Up
Wide Network Coverage
axxess
Internet your way
*The promotional price is valid until 31 December 2025. T's & C's apply.




SOPHIA VENTER
BIOKINETICS
READY TO IMPROVE?
060 794 0432




REPAIR & ACCESSORIZE
We fix it all.
Cellphones | Computers | Electronics | Watches
Apple / Android / Huawei / Nokia / HP / Lenovo / Asus / Acer / Oppo / Vivo / Tecno / Redmi / Mecer / Seiko / Police / Rado / Daniel Wellington
Cell Care
Micro Soldering Experts
St. George's Corner, Lynnwood, Pretoria
www.cellcare.africa
+27 66 128 8495
faisal@cellcare.africa / info@cellcare.africa

# MARKPLEIN



Op soek na kwaliteit naaldwerk en perfekte afwerking?

Ek help graag vinnig, netjies en betroubaar!

📍 Equestria

📞 073 501 8228

Kontak Berta vandag en lyk weer op jou beste!

**WIL U IN DIE**

**MENLO-INSIG ADVERTEER?**

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig